THE BLUEPRINT

Paarl Boys' High 2018

Volume 2, Issue 3

THE BLUEPRINT

Inhoud

Redakteursbrief	3
150 Years: A special time	4
Leerderopstel: Gerard de la Bat	5
Forgotten legends of PBHS	6
Leerderopstel: Emile Scriba	7
Fotodagboek	8
Leerderopstel: Luke Delle Donne	9
Herman vra sy vrae	9
Careers of the future	10
Leerderopstel: Dehan Hay	12

Redakteur : Fryhoff du Toit

Subredakteur : Jaco Mostert

Grafika : Jaco Visagie

Joernaliste : Justin de Villiers
Gerard de la Bat
Dian Jacobs
Emile Scriba
Luke Delle Donne
Herman Snyman
MC Schultz
Dehan Hay

Fotografie: Juf. P. Terblanche

Proeflees : Juf. M. Visagie

Fasiliteerder: Mnr. K. Bezuidenhout

Redakteursbrief

Soos reeds genoem in die vorige uitgawe (wat nooit die lig gesien het nie weens data-stokkie-diefstal) is die skool vanjaar in sy 150ste bestaansjaar. Aan die hand hiervan het ons dit goed gedink om ‘n uitgawe spesifiek rondom die tema van “150” te laat wentel. Daar is egter al baie artikels en selfs boeke oor die skool se geskiedenis geskryf en om net nog so ‘n publikasie te wees, het nie vir ons aanloklik geklink nie. Ons het dus besluit om 150 as ‘n tydperk te benader, ‘n tydperk wat verby is en ons onvermydelik weer in die gesig staar.

Om 150 jaar werklik te waardeer kan mens kyk na wat in die wêreld verander het die afgelope 150 jaar. In die sfeer van vroueregte is die eerste internasionale vrouregteorganisasie in Switserland gestig met die doel om gelyke regte vir vroue en mans te realiseer - ‘n té radikale missie vir baie van die destydse feministe, glo dit of nie. Die destydse Basutuland, wat ons vandag as Botswana ken het ook in 1868 ‘n Britse protektoraat geword, dus is die skool net so oud soos Botswana in hulle huidige regeringskapasiteit. Verder was dit ook die laaste jaar waarin politieke gevangenis verban is na Australië en ook die jaar waartydens die laaste publieke teregstelling in die Verenigde Koninkryk plaasgevind het. Mens kan hierdeur werklik die verskil sien wat die samelewing ondergaan het: vanaf Australië as ‘n tronk tot ‘n eerstewêreldse land tot die definisie van eksteme feminisme wat ‘n radikale verandering ondergaan het.

Met al hierdie verskuiwings wat die wêreld ervaar het oor die afgelope honderd jaar kry mens ‘n groter waardering vir die vermoë van die skool om die toets van tyd te weerstaan en getrou te gebly het aan hul etos. In hierdie uitgawe gaan ons skryf met hierdie gedagte in ons agterkop en spekuleer en speel met die invloed, belangrikheid en die potensiaal van 150 jaar. Ek hoop u geniet saam met ons hierdie belangrike mylpaal.

Tandem fit arbor surculus

Die Redakteur

Fryhoff du Toit

150 Years: A special time

- Justin de Villiers

To understand why 150 years are so special and such a long time one must first see how long it is in comparison to other things. Here are a few comparisons.

- Canada is 150 years old.
- The cash machine (OTM) has only been around for 50 years.
- The cellphone is 45 years old. On April 3rd, 1973, Motorola engineer Marty Cooper placed the first public call from a cellphone.
- The first man-made object in space was Sputnick 1. It was launched in 1957.
- The first television broadcast was made in 1928. In South Africa the first nationwide broadcast commenced on 5 January 1976.
- The first car was invented in 1886.
- The internet was put online in 1991.
- The first electric light bulb was invented in 1879.
- The first personal computer was invented in 1975.
- The second industrial revolution was in 1870.

Source: www.library.uni.edu

For me the abovementioned is enough proof that 150 years of existence is worth celebrating. There are no humans alive who lived in the 1800s. No one has ever lived to see the ripe age of 150 years. I think a period of time is normally considered long when compared to the average person's lifespan and in the light of this our school is quite old. Starting in 1868 our school is an institution formed from different cultures and influences throughout one and a half centuries. The fact that it's still thriving today means that it has faced the test of time and should be well on its way to the 200 year milestone – one that I'd definitely like to witness in person. Lastly, let's see how Paarl Boys' High compares to other South African schools.

1. The South African College Schools (SACS): Founded 1829 (189 years old)
2. Grey College Bloemfontein: Founded 1855 (163 years old)
3. Grey High School Port Elizabeth: Founded 1856 (162 years old)
4. La Rochelle Girls' High School: Founded 1860 (158 years old)
5. Paul Roos Gymnasium: Founded 1866 (152 years old)
6. The Afrikaanse Hoër Seunskool (Affies): Founded 1920 (98 years old)
7. Sarel Cilliers High School: Founded 1974 (44 years old)
8. Stellenberg High School: Founded 1986 (32 years old)

Eenvoud is die vreugde van die lewe. Die lewe is gee en neem.
- Gerard de la Bat

Dit is iets waarna die meeste mense soek, maar wat die minste mense ooit vind. Hoe meer jy daarna soek, hoe verder beweeg jy daarvan weg. Jy weet nie werklik waarna jy soek todat jy dit vind of besef dat jy dit nie gevind het nie. Dit wag om elke hoek en draai, maar jy is bang dat as jy ophou soek daarna dat dit dalk vir jou verlore is. Wat is dit?

Ek het al baie gewonder wat dit is van die see dat mense daarna staar tot in lengte van dae, dat jou gedagtes vlerke vind en dwaal oor verre kranse en diepe klowe. Jy weet nie wat in die dieptes van die oseane rond dwaal nie, maar dit pla jou nie. ‘n Deining rol oor die see, dit styg, raak al hoe skerper, val, rol uit oor die sand en kruip weer terug. Heen en weer, oor en oor. So eenvoudig, tog so kragtig.

Wat is dit van die son wat sak oor die vaal grasvelde wat ‘n mens tot in jou siel kalmeer? Die veld se oë wat verdwaal tussen die sterre met die brandende hout wat kners in jou ore, soveel so dat selfs jy nie eers wil hê die hout moet uitbrand vir ‘n vleisie nie. Van buite af lyk die bos so ingewikkeld, maar in die midde van sy prag is daar niks meer eenvoudig nie. Elke voëltjie ken sy fluit, elke seekoei sy poel, elke bokkie sy grassie en indien iets dit wil verander, bly die sterkste staan. Dis in die veld waar ‘n mens die kleinste voel, maar ook al plek waar dit jou nie sal pla nie.

Die mensdom ontwikkel konstant met die persepsie dat ontwikkeling gelykstaande is aan groei, dat vinniger gelykstaande is aan makliker en dat geld oplossings bied. Die kolonialiste het die primitiewe samelewings kom “beskaaf” maak, maar die man met sy boog en kalbas het ‘n dieper begrip van die lewe gehad as wat die geweer en veerhoed ooit kon hê. Ek neem van my stroompie en van hom wat daar wei, maar net genoeg, want dit is tog hulle wat my aan die gang hou. Eenvoudig, tog effektief.

Almal jaah so hulle persepsie van vreugde na dat hulle heeltemal verby die bron daarvan hardloop. Die man op die straathoek, die man in jou tuin, dit is die halwetandeglimlag wat die diepste snare roer en wanneer jy daardie warm gloed in jou bors voel en dit by jou oë voel uitstraal: klou vas, want dít is vreugde.

Forgotten legends of PBHS

- Dian Jacobs

"All that really belongs to us is time; even he who has nothing else has that."
- Baltasar Gracian

(Meneer Juandré Nortjé se gunstelingaanhaling)

Meneer Juandré Nortjé was 'n legendariese pedagoog wat sy hele onderwyserloopbaan, ten spyte van sy bonatuurlike intelligensie, aan die Hoër Jongenskool geskenk het. Meneer Nortjé, ook bekend as Norsmeester, se voorliefde en passie was die landbouwetenskappe. Hy het in 2068 sy PhD in Landbouklankgolwe aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf. Dit was ook die eerste keer dat iemand dit kon regkry dat die Musiekfakulteit en Landboufakulteit 'n gesamentlike studie van stapel stuur.

Sy studie het gehandel oor die verskillende geluide wat koeie maak wanneer hulle verskillende voer gegee word of wanneer hulle op verskillende plekke wei. Sy navorsing het bewys dat koeie wat in die Boland gevoer word 'n baie subtiele "mooooooonie" geluid maak teenoor die beeste wat in die Karoo gevoer word wat 'n baie prominente "voooooeeeeeer" geluid maak.

In die Landbouweekblad van Februarie 2069 sê meneer Nortjé: "Alle beeste is verskillend. Hulle weet hoe om te bulk vir verskillende mense en goedere. Hulle sal byvoorbeeld "voooooeeeer" bulk as hulle die bakkie sien aankom of "mooooooenie" wanneer die trok vir die slagpale opdaag.

Meneer (Doktor) Nortjé het ook later die geleentheid gekry om navorsingsbevindinge op beesmis en die samestelling daarvan voor te dra aan 'n erepaneel by die Universiteit van Cambridge in Engeland. Hy was 'n absolute voorloper van sy tyd. In 'n onderhoud met meneer Nortjé kort na die aanbieding sê hy die volgende: "Hulle was uiters in hulle skik! Uiters! Hulle was verstom deur my navorsing en die manier waarop ek dit aangebied het. Hulle sê hulle het nog nooit iemand gehad wat so passievol oor beesmis is nie!" Meneer Nortjé het waarskynlik danksy hierdie formidabele aanbieding sy eredoktersgraad in Landboubeesmis van die Universiteit van Cambridge ontvang.

Tyd is al wat ons het. Meneer Nortjé het sy tyd effektief en doelgerig aangewend. Hy behoort 'n inspirasie vir alle HJS-leerders, oud en huidig, te wees. Tyd is al wat ons het, maar hoe gaan jy joune gebruik? Meneer Nortjé het 'n groot leemte gelaat toe hy in 2074 tydens hoogs eksperimentele navorsing die tydelike met die ewige verwissel het.

Die HJS salueer 'n legende van 'n mens. Iemand wat 'n positiewe verskil gemaak het.

Tandem Surculus Fit Arbor

My broer
- Emile Scriba

Dit is nou al twee jaar na die vliegtuigongeluk. Ek kon myself leer om sonder sig oor die weg te kom, maar ek sukkel nog om aan te pas sonder my ouers.

Die ongeluk het my nie net van my sig en my ouers beroof nie, maar het my ook aan my ouma se sorg oorgelaat. Sy het van die eerste dag af geen troos of liefde getoon nie en die enigste ding wat haar yskoue tuiste kon vul, was die gejuig van my broer, die klavier.

Die klavier is al wat Ouma in haar huis toegelaat het. Gelukkig is dit al wat ek benodig het. Dit het my wel ‘n tydjie geneem om weer te begin speel, siende dat ek nie meer die klawers kon sien nie. Ek het geleer dat klavierspel nie daaroor gaan nie. Dit gaan nie oor note soos ‘n robot onthou en dan speel nie, maar om deel te word van die klawers en saam met hulle te werk om jou emosies in ‘n lied te omskep.

Elke nuwe simfonie wat ek saam met hom orkestreer vul ‘n deel van die leegheid binne my. Dit is die plek waar ek vrede vind en ek weet dat ek myself kan wees. Die brandende gevoel van woede en angs word geblus met die salige gevoel van dankbaarheid as ek onthou dat die Here my hande gespaar het en ek nog in staat is om te kan speel.

Sommige aande as die nagmerries my wakker hou, gaan sit ek net voor hom en speel, sonder om die klawers te raak, my gunstelingmelodie, “You’ll never walk alone”. Ek word dan opnuut weer herinner dat my ouers altyd by my sal bly en dat ek net ‘n noot moet speel om hulle aanwesigheid te voel.

As ek speel, is dit asof hy my laat vergeet van wat om my aangaan en dat Ouma my die hele tyd gebruik vir fisiese arbeid. Die deuntjies wat ons skep, ontferm my en moedig my aan om aan te hou veg. Hy hou my aan die lewe. Op die einde is dit ek en my broer teen die wêreld.

FOTODAGBOEK

Waar lê my toekoms?
- Luke Delle Donne

Daar is ‘n tyd om te kom en ‘n tyd om te gaan en my tyd om ‘n kind te wees is verby. Kersvader drink nie meer my melk nie en verlustig hom nie aan my koekies nie. Sy rooi uitrusting lyk soos my pa se slaapbroek en die tandemuis het ook pad gevat. So, my ma sit die R10 in my skoen.

My speelgoedmotortjies is ingeruil vir ‘n selfoon, stokkielekkers is sigarette en my koeldrank proe effens sterker. Wegkruipertjie kan ek nie meer speel nie, want my lyf pas nie meer in die kombuiskas nie. Hanna Montana het in die nuus om sewe verander en my storieboeke met prentjies is nou koerante met woorde.

Op vyfjarige ouderdom was die toekoms so vêr en oop. Op agtien staan ek nou met my voete in die toekoms. Wat gaan met my lewe gebeur as ek die skoolgebou verlaat en daar nie meer iets soos onderwysers bestaan nie. My lewe is soos ‘n warrel-wind, dit weet nie in watter riging dit volgende gaan waai nie. ‘n Brugjaar gaan my verveel en dus pak ek eerder die sportbedryf aan? Ek is nie slim genoeg om in ander mense se organe te krap nie en al wat ek weet, is dat ‘n Panado vir alles help. Om my ouers in ‘n doodskis te sit is nie op my agenda nie. Kanker en hartsiektes kan ek nie beveg nie en plooie is definitief nie vir my nie, daardie hekkie sal ek moet mis. Ek kan skaars ‘n rekening betaal en om verantwoordelik te wees was nog nooit my sterkpunt nie.

My toekoms is vir my uiteengesit, maar is dit die pad wat ek wil stap? Is ek werklik reg daarvoor om my ry spore in die lewe te trap en swaar te kry? Dit is tyd om die bul by die horings te pak en die toekoms aan te pak … Die tyd het gekom. Ek moet gaan.

HERMAN VRA SY VRAE

Herman Snyman het dit goed gedink om aan die hand van hierdie Blueprint se tema ‘n paar vrae vir die onderwysers te vra. Die vra wentel hoofsaaklik rondom die idee van tyd. Sy vrae: 1. As u weer kon kies … sou dit weer onderwys wees of dalk ‘n ander rigting? 2. Sal daar nog plek wees vir onderwysers oor 150 jaar? 3. Wat is u gunstelingselfoontoepassing? 4. Hoeveel leerders sal daar oor 150 jaar in HJS wees? 5. Is daar nog sport soos ons dit vandag ken ‘n 150 jaar later.

Juffrou Theunissen

1. Ja, maar as ek ‘n lê-op-’n-bed-en-lees of ‘n gaan-na-restaurante-en-eet kon word, sou ek.
2. Onderwysers sal ander wees as nou, maar en een of ander kapasiteit sal onderwysers nog daar wees.
3. DuoLingo en CamScanner
4. Dalk robotmense?
5. Daar sal steeds sporte wees om aan deel te neem, moontlik nuwe tipes.

Juffrou Lize Louw

1. Ja, ek sou graag ‘n beroepsielkundige wou wees.
2. Ek glo so. Ek hoop so. Privaat skole sal wel toeneem en swakker publieke skole sal sluit.
3. WhatsApp
4. Ek glo die getalle sal toeneem indien daar meer plek is.
5. Definitief tennis!

Juffrou Carina Jansen van Rensburg

1. Ek is dankbaar ek is nie ‘n onderwyser nie. Ek love wat ek doen. Ek wou nog nooit iets anders wees nie.
2. Ek hoop so, maar tegnologie sal seker oorneem.
3. Timetree, WhatsApp en Instagram
4. 150
5. Ja, definitief. Die mens kan nie bestaan sonder sport nie. Daar sal ‘n paar ekstras wees.

Juffrou von Mollendorf

1. Weer onderwys. Ek love my werk.
2. Skole sal baie verander, maar ek dink die beste skole sal nie die “personal touch” van onderwyser wil verloor nie.
3. Metronome vir klasgee. Facebook/WhatsApp vir sosiaal.
4. HJS se huidige geriewe laat nie veel toe nie. So kom ons hou dit op 1000?
5. Suid-Afrika is sportmal. Ek dink sport gaan al hoe meer professioneel op skoolvlak aangebied word.

Careers of the future
- MC Shultz

Where will you work next century?

This world is rapidly changing and we are all made aware of this fact by acknowledging various things such as global warming or advancements in technology, as well as the fact that we are all living longer and more entertaining lives. However these changes do not seem to have a big affect on normal working class citizens. So what will affect working class citizens? Well, over the past 150 years we have seen many occupations become redundant such as factory line workers replaced by robots. Many occupations could be seen as illegal, for example the creating and selling of moonshine. These days, though, it is all about the future. Lets look at the next 150 years.

Extinct species revivalist

Human actions continue to cause the extinction of various plants, animals and micro-organisms. In many cases, we don't realise how important those species are to the health of the world's ecosystems until they're gone. As zoologists and other scientists learn more about the widespread ecological impact of extinctions, it's becoming clear that many species play critical roles in supporting the environments that humans rely on. So conserving threatened species is often essential. Science may also advance to the point that we can actually bring back some already extinct species and reintegrate them into their respective environments.

Mind transfer specialist

Yeah, this occupation sounds far-fetched. But some experts think it could become a reality. Before the end of this century, it may be possible to upload a human mind to a computer and store it for later transfer back into the same or different human brain. Some people might even have their minds transferred into clones of themselves, synthetic organisms with artificial brains, or special cybernetic robots designed to extend their consciousness.

Landfill worm operator

Earth doesn't have an endless supply of natural resources. The rapid industrialization of the world is beginning to cause shortages of some mined resources. Over the past several decades, a lot of the resources that have been extracted from the earth have ultimately been buried again in landfills. Many of the products we've thrown away contain valuable elements that industries need in order to manufacture new products and keep functioning. So solutions will need to be developed to extract those elements from the world's many landfills. Some futurists envision a future in which robotic earthworms, partially operated by humans, mine landfills and extract the valuable resources while filling in the resulting voids with good-quality soil.

Careers of the future

(continued)

Space tourism guide

Companies like SpaceX and Virgin Galactic already have plans well underway to commercialize space travel for the public. In the relatively near future, space tourists may be going into orbit for family holidays, a little adventure, or even to conduct business. If bases are established on the moon, they may be going there too. Of course, most of us aren't astronauts. That's why special guides will be needed to help people prepare for space travel and get adjusted to the new environment once they're in orbit.

Cyborg designer

By combining the best aspects of a natural organism with those of an advanced robot, it may be possible to create a new entity that is superior to the sum of its parts. So, in the future, highly creative cyborg designers might be in demand as humans try to merge themselves with machines in order to transcend their natural limitations. Other non-human cybernetic organisms may also be developed for use in health care, entertainment, sports, space exploration, and many other industries.

Custom body part manufacturer

At some point, waiting lists for organ transplants will probably become a thing of the past. Soon, doctors may be able to order up custom organs that are grown or 3D-printed using their patients' own cells. After all, scientists have already had some success at creating hearts, kidneys, and livers in their labs. They've even grown skin, ears, and other external body parts.

Brain implant specialist

The human brain is incredibly complex, but mankind's understanding of how it works is growing faster than most of us probably realize. As we combine the rapid advances in neuroscience with the amazing advances in computer technology, we'll end up with some truly amazing possibilities. Special computer chips may one day be implanted into people's brains for benefits such as virtual telepathy, memory enhancements, disease management, mood regulation, paralysis treatments, and much more.



Source: www.inutile.club

Ek dink terug aan my oupa se huis
- Dehan Hay

‘n Tossel hordes los draaitjies en wolletjies, maar iewers kom alles bymekaar. Dié plek ... my oupa se huis.

My oupa se huis is die plek waar alle probleme opgelos word en hartseer in vrolikheid ontaard. Dit is ‘n deurmekaar plek waar ek heel voel. Dit is hemel vir my.

Jy word vroegoggend wakker gemaak deur die pappegaai wat oupa se stem naboots: “Kom eet!” Almal sit aan vir ontbyt. Behalwe vir die “kling-kling” van messe en vurke is daar stilte rondom die tafel soos ons weglê aan die heerlike ontbyt. Daar is altyd genoeg, want hier is dit hemel. Vir almal! Hond en donkie, mens of skaap, swart en wit.

In die vensterbank van my ouma se kamer is daar ’n portret van elke kleinkind, iets wat jou elke keer wanneer jy dit sien, opnuut laat waardig voel. By die venster is daar pragtige duifies wat onder die doringboom paradeer. Die tuinsproeier gaan skielik aan en die duifies vlieg in perfekte harmonie weg.

Elke dag en elke nag hier is dieselfde. Hier is storms en rus, maar altyd lewe, lig en liefde. My oupa se huis is ‘n deurmekaar plek waar ek heel voel.

Dagbreek: verveelde bokkies in die verte, kiewiete hoog bo die dor, kort gras wat spore in die dou los … Saans daal die dag neer en hees hadidas en tarentale wag desperaat om hul mae vol te kry voor hul bome toe vlug vir die nag. Die Aga-vuurtjie brand en dit is badtyd. In die warm bad kry jy weer jou tone terug. In die verte kondig ‘n koei die nag aan en hier binne gooi die kerslig skadu’s teen die muur. Dít is huis.

Vroeg gaan loop ons ‘n ent in die veld en besef hoe groot God is. Oupa tel die skape en ouma wys ons waar begin en eindig die lewe … soos ’n handbreedte, het Oupa gesê. Ons gaan sit op die damwal en drink uit die koppie van die fles en geniet ouma se beskuit. ’n Deurmekaar plek waar jy heel voel. My oups se beste vriende, Petrus, Johannes en Tiekie wat my leer perdry het, sal my altyd bybly. Susanna, wat my ma grootgemaak het, se kos sal ek altyd ont-hou … Ek sal altyd my oupa se huis onthou. ‘n Tossel hordes los draaitjies en wolletjies, maar iewers kom alles bymekaar. Dit wat vir ons soos die lewe lyk, is dikwels hemels.